NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg : Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.
- Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

05 Mei 2023: Nr 15/2023

Warmnuus

Pinkster '23

Soos reeds voorheen berig, het die SDR besluit dat gemeentes aangemoedig moet word om almal vanjaar oor dieselfde tema Pinkster te hou. Die ONSE VADER is as tema gekies. Die materiaal word tans voorberei en sal teen einde April beskikbaar wees. Die gedagte om oor dieselfde tema Pinkster te hou, is een van die aksieplanne vir die jaartema nl. "HOU MEKAAR VAS".

Die beloofde materiaal

Die taakspan wat daaraan gewerk het skryf: "Die notas wat hiermee aan kollegas in die bediening deurgegee word is nie bedoel as kant en klaar Pinksterpreke nie. Uit respek vir die eie konteks van elke gemeente en ook in erkenning van die eie kreatiwiteit van elke prediker volstaan ons met notas wat ten doel het om te help. Die aantal geleenthede en die aard daarvan verskil van gemeente tot gemeente en elke leraar sal sy/haar goeie oordeel kan gebruik."

Kliek hier vir die volledige dokument.

Navrae: Bernice Serfontein tel 083 417 5133 / e-pos bernice.serfontein@gmail.com.

Sinodenuus

Sinodehuis

Navrae i.v.m. finansies

Tot en met *22 Mei* moet navrae in verband met *finansies* asb. direk aan *Rehan Rheeder* gerig word: tel 083 288 7756 / e-pos rehan@noordsin.co.za.

Badseloop

Die geboue by Badseloop word tans geverf. Hulle benodig R20 000 vir die aankoop van verf. Gemeentes of individue wat dalk kan help, word gevra om vir André Botha, voorsitter van die beheerraad en predikant van die gemeente Naboomspruit, te kontak: dsanbotha@gmail.com / 079 516 7641
Loer gerus op hulle Facebook-blad vir meer inligting oor die terrein.

Kollega- en ander personeelnuus



❖ Baie geluk

Brits J van Rensburg [Harare] en *Suzette Steyn* het onlangs verloof geraak.

❖ Hospitaal

Louis Lemmer [Magalieskruin] was in die hospitaal.

Bevestiging

Freddie Prozesky van Malopo word op *7 Mei* in Pietersburg-Noord as voltydse leraar bevestig.

❖ Verjaarsdagwense

07/05 Arend Hattingh [Daspoort]
08/05 Louis Lemmer [Magalieskruin]
10/05 Jan Pretorius [Louis-Trichardt]
11/05 Hannes Coertze [Emeritus]
12/05 Natalie-Ann van Blerk [Mootvallei]
13/05 Petrus Moolman [Emeritus]

07/05 Andéne Devenish [Eggenote van Pieter, Rooihuiskraal]
08/05 Marí Laas [Eggenote van Joekie, Waverley-Oos]
Maryke van Wyngaard [Eggenote van Cobus, Pretoria]
10/05 Jeannette de Wet [Eggenote van Meiring, Doornpoort]
11/05 Marietha Ueckermann [Eggenote van Danie, Nylstroom-Oos]
Desiree Oosthuyzen [Eggenote van Theo, Marikana]
Elsie Janse van Rensburg [Eggenote van Danie, Bergtuin-Jan Niemandpark]
12/05 Mona Boshoff [Eggenote van Berto, Emeritus]
Annelize Endres [Eggenote van Ernst, Wonderpark]
Elsa Kritzinger [Eggenote van Willem, Emeritus]
Stern Smit [Eggenoot van Dini, Tuinrand]



Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Soekmekaar [12/05/1917]
Die gemeente het onlangs deel geword van Louis Trichardt. Hulle sou vanjaar 106 jaar oud gewees het.

❖ Rietfontein-Noord

Tiaan van Niekerk skryf: "Kom kuier saam by die **MeiMootMakietie** op *5 Mei* vanaf 17:00 by Tom Frates Park oorkant NG Rietfontein-Noord in Pretoria! Heerlike kos- en koffiestalletjies en lekker vermaak vir die hele gesin, 'n blaasorkes en vol vertoning deur Brendan Peyper en sy band. Kaartjies beskikbaar by Quicket https://qkt.io/RcmYqB of by die Kerkkantoor [012 331 3253].
Bring die hele gesin vir 'n lekker aand van pret en musiek!"

❖ Montana

Pannekoekfees *13 Mei* (08:00-14:00) >>>
Adres: Veronicaweg 300, Montana.

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Jaarprogram vir 2023: Kliek hier.
Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Dink nuut oor jou bediening

Spesiaal gerig op **predikante in die middelfase van hulle bediening**. **Kliek hier** vir volledige inligting.

Die modules wat vanjaar aangebied word, is die volgende:

- *8, 15 en 29 Mei*: **Hoe lyk ons identiteit as predikante. Kliek hier** vir die advertensie.

Inskrywingsvorm: Kliek hier vir die vorm. Sperdatum: *4 Mei*. **VBO punte** 30.

- *9-11 Mei*: **Ons konteks – Waar is ons nou? Kliek hier** vir die advertensie.

Inskrywingsvorm: Kliek hier vir die vorm. Sperdatum: *5 Mei*. **VBO punte** 30.

17 en 18 Mei: Aanlynaanbieding: **Koninkrykstyd** - Kreatiewe werkswinkel oor die viering van die kerklike jaar. Die jaar van God se genade. **Kliek hier** vir die advertensie

Inskrywingsvorm: **Kliek hier** vir die vorm. Sperdatum: *15 Mei*. **VBO punte** 20.

❖ Emmaus Beweging

Abe Joseph, geestelike direkteur, het die volgende uitnodiging aan leraars gerig: “Die Emmaus-beweging is ’n interkerklike beweging en het ten doel om in vennootskap met plaaslike kerke hande te vat om deur middel van beskikbare programme by te dra tot die ontwikkeling en toerusting van Christene en kerkleiers om hul roeping as dissipels van Christus te vervul.”
Kliek hier om die volledige dokument te lees.

Ander nuus

❖ Mosambiek [NOVO Partnership]

Oostelike Sinode skryf: “Ons nooi alle belangstellende gemeentes en lidmate na vanjaar se byeenkoms van die Novo Partnership/Vennootskap. Die Novo Partnership is 'n netwerk van NG Kerk gemeentes wat betrokke is of in die toekoms betrokke wil raak by die Novo Sinode van die IRM in Mosambiek.
Datum: Woensdag *10 Mei 2023.* Tyd**:** 12:30 tot 16:30 (Ons begin met ‘n ligte middagete)
Plek: NG Gemeente Skuilkrans (Jan Albertstraat 1, Val de Grace, Pretoria.)
Tema: Resente kerklike en politieke situasie in Mosambiek. Praktiese wenke rakende uitreike na Mosambiek.
Sprekers: Gabriel Chibota - Moderator IRM Novo Sinode, Willem Nel - Hoof van Volta Biblia Bybelskool, Macia.
Navrae: Tersia Petzer by 012 804 9543.
Bevestig asseblief jou teenwoordigheid vóór of op *8 Mei* by: **ontvangs@sinoos.co.za”.**

❖ Fathers Matter Conference

Date: *20 May* (08h00-16h00)
Venue: 1353 De Villebois Mareuil Dr, Moreleta Church, Pretoria
Tickets: Buy the tickets at iTickets – only R100
Visit www.heartlines.org.za for more information.

❖ CLF Nuus

Kliek hier om die April-nuusbrief te lees. Individue, gemeentes of organisasies word die geleentheid gebied om as verkoopsagente vir CLF Boeksentrums op te tree.

❖ Vakatures

Kerkbode: Kliek hier vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

Warmbad-Wes

Voltydse leraarspos (Vlak 4 van sinodale riglyne) - **Kliek hier** vir die volledige advertensie
Sluitingsdatum: *14 Mei.* **Diensaanvaarding:** *1 September* of soos onderling ooreengekom.

Warmbad-Moedergemeente

Voltydse leraarspos – **Kliek hier** vir die volledige advertensie.
Sluitingsdatum: *31 Mei*. **Diensaanvaarding**: *1 Augustus 2023*
Navrae: kantoor@ngwarmbad.co.za / 014 736 2788

Rustenburg-Proteapark

Voltydse leraarspos – Kliek hier vir die volledige advertensie.

Die gemeente word tans deur een jeugwerker en twee voltydse leraars bedien waarvan een leraar *Maart 2024* die gemeente groet.
Diensaanvaarding: *1 Januarie 2024*. **Sluitingsdatum**: *30 Junie 2023.*

Wêreldbiddag vir vroue

Kantooradministrateur / Koördineerder – Kliek hier vir die volledige advertensie
Sluitingsdatum: *31 Mei*. **Navrae:** Joa van Aarde by wwdpsa@gmail.com.

Naskrif